Saterdag 26 Desember
Skrifgedeelte: Hebreërs 8:1-13
Fokusgedeelte: Hebreërs 8:10-12

## Jy het besondere voorregte – benut dit!

So maklik verloor ons as gelowiges die besef en belewing van ons geestelike voorregte weens sonde, bekommernisse of die uitgetrapte paadjie van formalisme. Besin daarom opnuut oor jou rykdom in Christus. Dié rykdom word uitgelig deur die Nuwe-Testamentiese tyd waarin ons leef, te vergelyk met die Ou-Testamentiese tyd:

- Jy mag in 'n intieme verhouding met God staan. God het beloof: *"Ek sal hulle God wees en hulle sal my volk wees"* (Heb. 8:10). Alhoewel dit ook in die Ou Testament beloof is, het dit nou verdiep. Deur Jesus Christus, ons Hoëpriester, mag jy blywend naby God leef – en Hy leef naby aan jou!
- Hierdie verhouding sluit direkte kontak met God deur Jesus Christus in. Jy het geen aardse tussenganger nodig om in 'n lewende verhouding met God te staan nie. 'n Besondere verhouding met God is nie net vir sekere gelowiges nie – almal, klein en groot, kan God waarlik ken – ook jy deur die volle werking van die Heilige Gees in jou.
- Jou verhouding met God is nie meer gebou op skuld en vrees nie, maar op die genade van God en sy vergifnis vir jou. Ons wag nie meer op die Verlosser wat versoening moet bewerk nie, Hy hét dit gedoen. Omdat sy offerwerk volkome was, beloof God om nie meer aan jou sondes te dink nie.
- Jou diens aan God hoef nie 'n moeisame, emosielose pligpleging te wees nie. Die wet word nie meer op kliptafels geskryf nie, maar op ons harte. Waar hulle in die verlede die wet dwingend van buite gehad het, kom dit nou van binne, gedring deur die genade van God. Jou diens aan God sluit jou wil en jou emosie in – jou hele menswees.

Leef voluit uit die genade van God! Mag jou verhouding met die Here só wees: nie koud nie, maar uit die hart; nie oor 'n onbereikbare afstand nie, maar naby en intiem; nie uit skuld en vrees nie, maar uit genade – alleen in Christus Jesus.

*Sing: Skrifberyming 5-4:1, 2, 6*

*Ds. JGL (Deon) van der Walt (Oudtshoorn)*